# DIE PROFEET

## No 1. Spioenasie Reeks



Gerrie Radlof

# HOOFSTUK I

ANDRÉ COMBRINK druk die deur versigtig agter hom toe. Dofweg kan hy nog die musiek en die gesels en gelag van die dansende pare en die drinkende groepe onder in die groot voorkamer van die swierige huis van prokureur Hendriks hoor. Die skemerpartytjie sal blykbaar tot laat in die aand voortduur.

Die kamer waarin hy nou is, is stikdonker. Hy aarsel binnekant die deur. Die venster is heelwaarskynlik toe en buite is die gang, aan die bo-ent van die trappe, helder verlig. Niemand wat by die deur verbystap, sal die lig daar onder of deur die sleutelgat sien skyn nie. Tensy iemand hom hier sien inkom het en doelbewus ondersoek kom instel.

Hy skakel die lig aan. Hy was al een keer tevore in hierdie kamer—prokureur Hendriks se privaat studeerkamer. Toe het hy saam met 'n paar kennisse hier 'n drankie gemaak. Dit was voordat hy met sy huidige ondersoek begin het. Die ondersoek wat gevolg het op die vonds van die lyk van 'n skollie vyf maande gelede op Woodstock-strand. Die brandmerk in die vorm van 'n sekel aan die binnekant van die gewrig, het die Speurhoof se verbeelding gaande gemaak.

„André," het die offisier die middag op die strand by Kampsbaai gesê, onderwyl hy in die son uitgestrek gelê het. André glimlag nog as hy terugdink aan die komieklike dun beentjies en die groterige maag van sy Hoof en die baaibroek wat seker uit Noag se ark gekom het. Maar die man is deeglik tot in die kleinste besonderheid. Hy het sy bevele altyd op die mees onopvallende plek en manier gegee. Dit wil sê, aan die alleenwerkers soos André. „André," het hy gesê, „daar is iets aan die gang! Wat dit is, weet ek nie. Ek weet niks, maar ek sal uitvind. Jy sal vir my uitvind, sal jy nie?"

Met sy beste manne was die Hoof soos 'n vader. Sy kinders—die Geheime Diensmanne, wat hy as 't ware groot gemaak het, opgelei het, geleer het—was vir hom baie werd.

„Oor 'n paar maande kom Gerrit Fourie terug. Dan kan hy saam met jou werk. Maar jy sal alles uitvind voor daardie tyd. Jy is een van die knapste in die Diens, André. En hier is jou kans!"

Hy het geweet die Hoof vlei hom, maar wat meer beteken het as enigiets wat hy kon sê, was die belofte dat hy saam met Gerrit Fourie sou werk. Almal, dit wil sê die uitverkorenes wat met die Hoof in aanraking kom, het geweet dat Gerrit Fourie die man se oogappel is. Hulle het al baie gehoor van die skitterende resultate wat daardie superman gelewer het. En die Hoof het nie graag sy manne saam laat werk nie. Die een het nooit van die ander geweet nie, want die Hoof was bang dat as hulle van mekaar sou weet, hulle in die versoeking sou wees om met mekaar in aanraking te kom en daardeur dalk in die moeilikheid kon beland. Elkeen moes met die Hoof in aanraking bly. Hy was die skakel en hy het op sy uiters versigtige manier alle ontmoetings gereël.

Gerrit Fourie was die enigste een wat met ander kon saamwerk en André het die eer wat hom in die vooruitsig gestel is, terdeë besef.

Hy stap oor na die lessenaar voor die toe venster. Prokureur Hendriks het iets met die saak te doen. Daarvan is hy nou na vyf maande heeltemal oortuig. Maar wat weet hy nie. Hy weet nog niks. Vyf maande se vrugtelose rondval en soek het hom niks nader gebring nie. Die dag by Kampsbaai het die Hoof hom alle inligting gegee wat hy van die polisie kon kry oor die geskiedenis van die skollie wie se lyk op Woodstockstrand gevind is.

Weke lank het hy in die doolhowe van Distrik Ses geboer: die bymekaarkomplek van die inwoners van Kaapstad wat aan die verkeerde kant van die gereg lewe. Hy het die enkele draad wat Adam Brekers se lewe hom verskaf het, probeer ontrafel. Maar hy moes begin waar Brekers op Woodstock se strand met 'n messteek in die rug en 'n sekelmerk op sy gewrig gelê het, en verder het hy sy oë oopgehou vir alles wat 'n kommunistiese kleur het.



Prokureur Hendriks is 'n kommunis. Almal weet dit. André waag baie deur hier in die studeerkamer rond te snuffel. Maar hy is in 'n mate al radeloos. Die leidraad wat hom hierheen gebring het, is baie dun, maar hy moet daarvan gebruik maak. Hy kan nie langer in die donkerte rondtas nie. Die Hoof het reeds baie van sy snydende sarkasme op hom gemik. Hy ken die Hoof al goed. Soos 'n liefdevolle vader as hy iets wil hê en soos 'n stout kind as hy dit nie gou genoeg kry nie.

Hy trek die boonste laai van die lessenaar oop. Wat hy eintlik verwag om hier te vind, weet hy nie. Hy hoop hy kry iets belangriks, want die Hoof is vas oortuig dat iets groots aan die gang is, en die Hoof het 'n intuïsie soos 'n vrou.

Toe André hom die dag oor die telefoon meegedeel het dat hy bloot per toeval in 'n dobbelsaal die woorde: „Die Sekel van die Ritz-Plaza", gehoor het, het die Hoof hom sonder aarseling meegedeel dat dit heelwaarskynlik die eienaar-bestuurder, naamlik Petrof Boros is. Boros is 'n erkende kommunis. André het dadelik by die hotel in Seepunt tuisgegaan en begin vriende maak. Hendriks is Boros se prokureur en André het hom ontmoet. Op dié manier is hy uitgenooi na die skemerparty by Hendriks se huis.

Hy gaan vinnig deur die laaie maar vind niks wat agterdog wek nie. Miskien is hier niks te vind nie, maar dit is net moontlik dat Hendriks „Die Sekel" se onderduimse sake tesame met sy gewone transaksies hanteer. Dan behoort daar iewers dalk iets te wees. So iets sal veiliger in die pro-

kureur se huis as in sy kantoor gebêre kan word. André hoop so.

En dan val sy oog op die stuk papier bo-op die lessenaar. Dit is 'n gewone stukkie papier—'n los velletjie wat uit die een of ander notaboek geskeur is. Maar dit is asof iets daaraan onmiddellik sy aandag prikkel; asof hy voel dat dit die sleutel tot die sukses van sy soektog is. Hy kyk vlugtig na die ruwe skets en die paar syfers en woorde wat daarop gekrap is. Dan raap hy dit op en steek dit in die boonste buitesak van sy baadjie.

Stemme vlak voor die studeerkamerdeur laat hom gespanne regop ruk. Hy sien die deurknop draai en geluidloos sak hy in die stoel agter hom neer. Sy arms en hande hang slap oor die leunings. Sy kop rol vooroor op sy bors. 'n Roggelende snork skeur deur sy oophangende mond.

Hy hoor die deur oopswaai en die dowwe voetstappe van mans op die dik tapyt.

„Ons kan later die sake . . ." Dis Hendriks se stem. Die voetstappe word stil.

André weet dat hulle na hom kyk. Hy snork reëlmatig.

„Wel, wel," sê Petrof Boros, „een van jou gaste voel blykbaar 'n bietjie vaak!"

André gee 'n laaste afgebroke roggel en lig sy kop waggelend op. Sy ooglede hang swaar oor sy oë en hy kyk hulle bedremmeld aan.

„Ja," sê hy sleeptong, „nog 'n glas wyn," en sy kop val vooroor en kantel heen en weer op sy bors.

In 'n oogwenk is die prokureur langs hom. Hy skud hom aan die skouer.

„Mnr. Combrink," roep hy uit, „voel jy siek?"

Met blykbare inspanning lig André sy kop op. Hy gluur besope na die krom skouers van die man oorkant die lessenaar—die skraal, geboë figuur wat vir Petrof Boros die bynaam van *Die Sekel* laat kry het.



Hy draai sy kop links en aanskou die oorsaak van die verstoring hier langs hom.

„Wyn," sê hy vir Hendriks.

„Ek is bevrees jy het reeds te veel gehad!"

Die halfbedekte beklemtoning van die woorde „te veel" laat André tersluiks na Die Sekel loer. Hy sien dat hy vinnig na Hendriks opkyk en weet dat hulle vir mekaar geknik het. Maar hy kry nie kans om daaroor na te dink nie. Dit vereis al sy aandag en inspanning om sy rol te speel.

„Ons sal hom moet huis toe stuur," vervolg Hendriks, „die partytjie mag nog 'n geruime tyd duur en dit sal nie gaan om hom in hierdie toestand hier te laat ronddwaal nie."

Sonder meer stap hy na 'n sydeur toe en toe hy aan die knop raak, draai hy om na Die Sekel toe.

„Mnr. Boros," versoek hy kalm, „sal u asseblief so goed wees om die hotel te bel sodat daar iemand kan wees om hom na sy kamer te help? Ek sal solank die motor hier na die hek in die systraat laat kom. Ons sal hom agter moet uitneem sodat hy nie gesien word nie."

Die Sekel knik. André het reeds weer sy kop laat sak. Hy hoor hoe die krom man om die lessenaar kom en langs die kant daarvan gaan staan. Die instrument klik toe hy die gehoorbuis optel en André loer onder sy wenkbroue deur om te sien wat die man doen. Hy hou hom outomaties dop hoewel hy verlig voel dat beide die prokureur en Die Sekel so maklik om die bos gelei is.

Maar die telefoon is met sy rugkant na hom gedraai. Hy sien die lang maer vingers van Die Sekel en die benerige gewrig wat by die mou van die aandpak uitsteek. Die eerste nommer is kort, 'n twee of drie, en die tweede is dieselfde. Ook die derde. Die vierde is langer. 'n Drie of 'n vier, en die vyfde is dieselfde as die vierde—22233 dink hy. En dit is nie die Hotel Ritz-Plaza se nommer nie! Miskien was dit 33344, maar dit is ook nie die regte nommer nie. Tensy

Die Sekel 'n privaat telefoon in die hotel het! Maar Seepunt-nommers begin nie met 2 of 3 nie! Hulle begin met 'n 4. Moontlik was die nommer 44455, maar hieraan twyfel hy.

Onmiddellik weet hy dat iets aan die gang is. Hy kan nie raai wat dit is nie maar voel onwillekeurig dat sy plan nie volkome geslaag het nie.

„Boros hier," hoor hy Die Sekel se stem. „Ja, kyk, ek wil hê julle moet mnr. Hendriks se motor ontmoet. Mnr. Combrink van die hotel word daarin huis toe gestuur. Hy voel nie te wel nie. Ek wil hê julle moet hom in die bed sit sodat hy kan slaap."

Weer daardie tergende beklemtoning van die „slaap".

„Goed, ja. Hy vertrek onmiddellik hiervandaan." Die instrument klik en Die Sekel stap weer voor om die lessenaar na 'n leunstoel toe. André snork lank en hard.

Hendriks kom feitlik onmiddellik hierna terug.

„Die motor wag," sê hy saaklik, „sal u my help?"

Die Sekel knik en hulle tel André uit die stoel op. André babbel onverstaanbaar en gooi 'n arm gemoedelik om elk van die mans se skouers. Hy strompel sleepvoet tussen hulle aan na die deur toe.

„U het hulp gekry?" vra Hendriks.

Die Sekel knik. „Hulle sal hom verwag," deel hy die prokureur mee.

Hulle gaan by die deur uit en langs die agtertrappe af. By die hek in die muur langs die straat, wag die prokureur se lang swart motor. Hulle dompel André in en hy kantel onmiddellik eenkant toe onderwyl hy met hernieude basuin-geskal sy snorke voortsit.

Die deur klap agter hom toe en sonder 'n woord van enigeen, trek die motor weg.

Tot sovér moes André sy bes doen om sy dronkenskap so eg as moontlik te laat lyk. Onderwyl die motor egter deur Pinelands ry en in die rigting van die hoofstraat wat van die Noordelike voorstede kom, oorweeg hy die posisie ernstig.



Hy kan alleen tot een gevolgtrekking kom. Toe Hendriks om die lessenaar gekom het, moes hy onmiddellik gemerk het dat die stuk papier nie meer daarop lê nie. Om twee redes, daarom, besef hy dat die dokumentjie baie waardevol moet wees. Eerstens sou Hendriks die verdwyning daarvan nie opgelet het as dit nie belangrik was nie en tweedens sou hulle hom nie so haastig verwyder het as die saak nie ernstig is nie.

En dit is nou die knoop: waarheen word hy geneem? Hotel toe? Hy twyfel daaraan. As hulle hom hotel toe stuur, sou hulle die papier afgeneem het. Hy word dus iewers anders geneem. Maar waarheen? Solank hy plat op die sitplek lê, sal hy dit nie kan vasstel nie. En voor hy dit nie weet nie, sal hy ook nie weet of sy afleidings reg is nie.

Hy sukkel orent met een hand wat voel-voel na die leerband teen die kant van die motor. Hy loer verward rond want die bestuurder kan dalk in die spieëltjie na hom kyk.

„Huis toe, Joris," sê hy met 'n dik stem.

Die bestuurder roer nie. Hy kyk stip voor hom uit. Hulle het reeds die verkeersligte by die Maitland-brug verbygesteek en is naby die Soutrivier-brug.

André besef dat hy die bestuurder maklik van agteraf oor die kop kan slaan. Maar hy durf dit nie waag nie. Dit is net moontlik dat die bestuurder instruksies het om hom hotel toe te neem. Hy sal moet wag tot die vent 'n verdagte beweging maak voordat hy iets doen.

By die eiland anderkant die brug draai die motor links op na die hoofstraat wat deurloop Wynberg toe.

André snork 'n slag harder. Die erkende pad Seepunt toe draai anderkant die eiland regs af.

Hy dink vinnig. Die pad lei nou Distrik Ses se kant toe. Hy voel dit. Hy moet òf probeer wegkom, òf die bestuurder

oorrompel. Hy is nou daarvan oortuig dat hulle 'n plan het met hom.

Sy hand gly versigtig na sy binnesak. Die rewolwer is nie daar nie.

Die saak word gevaarlik. In sy poging om dronk voor te kom, het hy seker nie gevoel toe Hendriks of Die Sekel die wapen uit sy sak gehaal het nie.

Daar is dan net een ander uitweg. Hy begin hard te hik. Hy maak 'n paar kreungeluide asof hy wil naar word. Hy tas na die handvatsel van die deur met sy oë op die rug van die man voor hom gevestig.

Die motor draai in die hoofweg in en hou teenaan die sypaadjie stil. Oor die leuning skiet die bestuurder se arm agtertoe. Maar voor die pistoolkolf André in die gesig kon tref, het hy die man se gewrig stewig met albei sy hande in 'n geoefende greep vasgevat. Met een draai en ruk laat hy die bestuurder se arm oor die leuning knak. Die man gee 'n uitroep van pyn toe sy vuis hom tref en sy kop sak agteroor terwyl die wapen op die vloer val.

In 'n oogwenk het André dit opgeraap. Hy wil net die deur oopmaak om uit te klim toe die ligte van 'n motor deur die agterste venster oor hom skyn.

Sonder om te aarsel, gly hy oor die leuning en skuif die bestuurder opsy. Die lang swart Packard se masjien loop nog. Hy kyk in die spieëltjie en sien weerskante langs die verblindende ligte van die motor wat agter hom stilgehou het, twee mans aangestap kom. Hy merk die regop gestaltes en die veeragtige tred waarmee hulle vinnig vorentoe loop. In die helder ligte sien hy die hoë wangbene en die donker gelaatskleur.

'n Skielike voorgevoel van vrees bekruip hom—asof iets hom bedreig wat hy nie kan beveg nie! Iets wat stil, meedoënloos en onweerstaanbaar op hom afsluip.

Die bande skreeu op die teerpad toe hy die motor in rat



gooi en die koppelaar laat sluit. Die verkeer is gelukkig nie te druk nie en hy kyk net vinnig om om te sien of die pad skoon is voor hy uitdraai en koers vat stad toe. Op daardie oomblik klap iets deur die oop venster van die motor en 'n metaal voorwerp slaan teen die windskerm vas en val op die sitplek langs hom.

Toe hy die motor in hoogste versnelling het en as gevolg van 'n paar voertuie voor hom sy remme moes aanslaan, voel hy langs hom. Hy tel die voorwerp op en sien 'n mooi gebalanseerde mes van omtrent agt duim lank. Met 'n rilling kyk hy na die moordtuig voor hy dit weer langs hom laat val.

Die motor waarin sy aanvallers gespring het, het agter hom aangekom maar 'n ander kar het verbygekom en bly so kort op André se hakke dat sy agtervolgers nie kan verbykom nie.

Vir die eerste keer begin André weer sy gedagtes bymekaarskraap. Een ding is so duidelik, asof dit vir hom uitgeskryf en onderteken is. Die stukkie papier met die gekrap daarop is so belangrik dat hy sy eie doodvonnis uitgespreek het toe hy daarna gekyk het.

Hendriks en Die Sekel het besef dat hy die papier geneem het en het besluit om hom dadelik uit die weg te ruim. Hulle wou nie moleste by die huis aanvang nie en het voorgegee dat hulle sy dronkenskap as eg beskou. Maar hulle het nie die hotel gebel nie. Hendriks het sy bestuurder bevele gaan gee en Die Sekel het in André se teenwoordigheid die aanvallers gebel.

En hieruit ontstaan die vrees wat André beetgepak het toe hy die twee mans gewaar het. Die reëlings tussen hulle en Die Sekel moet perfek georganiseerd wees, anders sou hulle nie sy bevele so goed begryp het nie. Ook moet hulle voorheen heelwat van dié soort werk gedoen het om te weet waar om Hendriks se motor te ontmoet. Maar meer as enigiets

anders laat een gedagte die bloed in André se are koud word. En dit is die vertroue wat beide Hendriks en Die Sekel in André se agtervolgers het. Hulle het nie 'n poging aangewend om die papier van hom af te neem nie. Net die rewolwer. Want hulle het sonder twyfel geweet dat hul handlangers hom van die gras af sal maak!

André kyk in die spieël. Die motors agter hom is nog in dieselfde volgorde. Maar daar is nou genoeg kans vir die ander om verby te kom tot reg agter hom. Tog doen hulle dit nie. Weereens ondervind hy die kille twyfel. Sy agtervolgers is net so seker van hulself soos Die Sekel van hulle is! Hulle sal vir niks stuit nie. Om heeltemal seker te wees dat hulle sal slaag moet hulle gewillig wees om hul lewens op die spel te sit. En onwillekeurig weet André dat dit so is. Hierdie manne is fanatiek. Hulle veg vir iets . . . groot genoeg om hul lewens daarvoor op te offer! Sou hulle anders in 'n besige hoofstraat met 'n mes gegooi het?

En dan was die Hoof reg. Hier is iets groots aan die gang. Groter as wat hulle kan dink. En in die gekrap op die stukkie papier lê 'n belangrike sleutel tot die omvang daarvan. Hy sal onmiddellik met die Hoof in aanraking moet kom.

Maar hierdie knape in die motor agter hom! As hy hulle eers moet afskud, sal dit miskien 'n woeste gejaag om hoeke en tussen verkeer afgee. Enigiets mag gebeur en dalk kry hulle hom beet voordat hy hulle afskud.

Om homself op die genade van die gereg of private mense te werp, kan hy alleenlik doen sonder om sy amp en die doel van sy handeling te verduidelik. As hy moet sê : ek is 'n Geheime Diens-speurder en op die spoor van 'n groot misdaad, sal sy vyande weet hoe om hul spore uit te wis en die Hoof en Gerrit Fourie sal nooit iets vind nie. Om eenvoudig vir hulle te sê : Help my, want daardie kêrels agtervolg my, sal belaglik wees. Hy weet wat sy agtervolgers sal doen : òf lag en hulle kans afwag, òf hulle sal eenvoudig



'n mes in sy keel gooi en die gevolge dra. Soos martelaars vir 'n groot saak sterf sonder om te praat!

André weet wat om te doen. Hy sal nou sy kans moet waarneem. Miskien is hulle so gerus en seker van hul saak dat hy kans sal kry om 'n oproep vanaf 'n openbare telefoon te maak. Tensy hulle natuurlik reken dat hy die inligting op die papier aan iemand anders wil meedeel. Maar hy het 'n rewolwer. As hy net in 'n foonhokkie kan kom.

Hy is reeds by die verkeersligte in Darlingstraat. Die lig voor hom het pas rooi geword en sonder aarseling trap hy die versneller teen die vloer vas onderwyl hy die motor in tweede rat gooi. Met 'n geblaas van toeters, skreeuende bande en uitroepe van woede, swaai karre uit sy pad, maar die Packard skiet verby en die bande gons in die straat af. Die ligte by Parlementstraat is ook rooi, maar hy swaai links en jaag op na Kerkplein.

Hy slaak 'n sug van verligting toe hy sien dat daar geen motors rondom die foonhokkie geparkeer is nie. Hy ry dwars oor die plein en rakelings voor die deur van die hokkie verby. Gelukkig is dit leeg. Hy hou stil en gooi die motor in trurat. Versigtig ry hy agteruit. Hy maak die voordeur oop onderwyl hy terugtrek en sodra hy by die hokkie se deur kom, trek hy dit met sy ander hand oop. Hy trek die handrem vas, leun oor en sluit die ander deure van binne.

Die motor se voordeur maak vorentoe oop en die hokkie se deur agtertoe. Dit vorm 'n poort waardeur hy in die hokkie klim en deur sy voet voor die hokkiedeur te hou, beskerm hy homself van alle kante. Hy hou die rewolwer in die een hand en steek die ander in sy geldsakkie. Hy pluk die muntstukke uit. Daar is nie 'n trippens by nie!

Hy voel weer in sy sak, ook in sy ander sakke. Daar is niks nie. Vir 'n oomblik voel hy radeloos van mismoedigheid. Hy wil net in die motor terugspring en kyk moedeloos na die instrument agter hom. Die foon wat hom in aanraking met